# GRONDWET VAN DIE PAARL BELASTINGBETALERSVERENIGING

(Die Grondwet) - 26 Januarie 2012 / Gewysig 22 Maart 2016

**KLOUSULE 1: NAAM**

Die naam van die Vereniging is die **PAARL BELASTINGBETALERSVERENIGING / PAARL RATE PAYERS' ASSOCIATION**, hierna genoem die Vereniging.

**KLOUSULE 2: DOELWITTE**

***Die Vereniging is nie-polities en nie-winsgewend van aard met die volgende doelstellings***:

2.1 Om die belange van sy lede in die algemeen te dien en na te streef;

2.2 Om as spreekbuis vir die lede op te tree;

2.3 Om knelpunte en fokuspunte te identifiseer en in belang van sy lede aan te spreek;

2.4 Om te skakel met Drakenstein Munisipaliteit en ander plaaslike owerhede ten einde inligting uit te ruil en op te tree in belang van sy lede en om vertoë te rig (namens sy lede) oor die grondslag, omvang en regverdiging van tariewe van eiendomsbelasting, diensgelde, water, elektrisiteit en ander munisipale dienste;

2.5 Om te kommunikeer, koördineer en/of om te affilieer met die Nasionale Belastingbetalersunie;

2.6 Om die nodige strukture daar te stel, ten einde regsgeldig op te tree;

2.7 Om die stigting van ander dergelike verenigings landwyd aan te moedig; en

2.8 Om fondse te werf in belang van die Vereniging ter uitvoering van bogenoemde doelstellings.

**KLOUSULE 3: REGSPERSOONLIKHEID**

3.1 Die Vereniging kom tot stand op die datum waarop die persone teenwoordig op die Eerste Stigtingsvergadering die Grondwet onderteken het.

3.2 Die Vereniging is 'n regspersoon wat in eie naam optree en litigasie kan voer en teen wie in eie naam gelitigeer kan word en wat kan voortbestaan ongeag wisseling van sy lede en bestuur.

3.3 Lede is nie aanspreeklik vir die laste van die Vereniging nie, en aanspreeklikheid van lede is beperk tot betaling van lidmaatskapfooie.

3.4 Die Vereniging het dus regsbevoegdheid en handelingsbevoegdheid, welke bevoegdheid namens die Vereniging uitgeoefen word deur die Bestuur. (sien klousule 5)

3.5 Alle bates in besit van die Vereniging wat insluit fondse, notuleboeke, meubels en ander roerende eiendom bly te alle tye die eiendom van die Vereniging en word ten voordeel van die Vereniging deur die Bestuur aangewend.

**KLOUSULE 4: SAMESTELLING: LEDE**

4.1 Die aanvanklike lede van die Vereniging is die persone wie se name, besonderhede en handtekeninge op Bylae A hiervan verskyn na betaling van die ledefooie.

4.2 Verdere lede word toegelaat na ondertekening van 'n aansoek om lidmaatskap, betaling van die aansluitingsfooi en voldoening aan die vereistes van die Grondwet en vereistes van tyd tot tyd bepaal deur die Bestuur. (Institusionele lede soos komplekse sal slegs een stem hê. Inwoners van komplekse kan individueel aansluit om stemreg te verkry.)

4.3 Die **aansluitingsfooi** beloop **R50,00 (vyftig rand)** en is betaalbaar wanneer aansoek gedoen word vir lidmaatskap, welke bedrag op 'n algemene jaarvergadering gewysig kan word.

4.4 Lidmaatskap van die Vereniging is onderworpe daaraan dat die Bestuur lede kan versoek om bewys te lewer dat hy/sy 'n belastingbetaler is, gepaardgaande met sy/haar ID dokument of enige ander vorm van identiteit wat die Bestuur mag vereis.

4.5 Lidmaatskap kan beëindig word deur 'n meerderheidsbesluit van die Bestuur of bedanking.

**KLOUSULE 5: DIE BESTUUR**

5.1 Die Bestuur bestaan uit die ondertekenaars van hierdie Grondwet wat uit hulle geledere 'n Voorsitter, Ondervoorsitter en 'n Sekretaris kies.

5.2 Hierdie Bestuur moet tydens 'n Algemene Jaarvergadering van alle lede belê met die doel om 'n nuwe bestuur te kies bestaande uit 'n:

a) Voorsitter,
b) Ondervoorsitter,
c) Sekretaris,
d) Tesourier en
e) Drie (3) addisionele lede.

5.3 Die amptenare verkies op die vergadering waarna verwys word in Klousule 5.2 (genoem die eerste Algemene Jaarvergadering) sal hul amp beklee tot en met die daaropvolgende Algemene Jaarvergadering (AJV), op welke vergadering 'n nuwe Bestuur verkies sal word met dien verstande dat bestaande amptenare herkies kan word.

5.4 Die ampstermyn van 'n Bestuurslid verval of word beëindig indien;

(a) hy/sy bedank;
(b) hy/sy gesekwestreer word of insolvent verklaar word;

(c) hy/sy gediskwalifiseer sou word of wees om in terme van die tersaaklike en toepaslike wetgewing op te tree as 'n Direkteur van 'n Maatskappy;

(d) 'n Besluit tot dien effekte geneem word deur ten minste vyf (5) lede van die Bestuur.

5.5 Indien die ampte van 'n lid van die Bestuur beëindig of ontruim word, sal die Bestuur die bevoegdheid hê om 'n ander lid te koöpteer in daardie amp. Die Bestuur kan ook te enige tyd 'n addissionele lid of lede koöpteer.

5.6 Die Vereniging het deur sy Bestuur of kragtens besluit op 'n AJV die magte en bevoegdhede wat nodig is om uitvoering te gee aan die doelstellings van die Grondwet.

5.7 Sodanige magte en bevoegdhede sal insluit, maar nie beperk word tot die magte en bevoegdhede soos uiteengesig in Bylae B.

5.8 Die Bestuur mag enige van sy magte en bevoegdhede delegeer aan een of meer van sy lede of 'n spesiale sub-komitee aangestel deur die Bestuur, en mag ook gebruik maak van professionele dienste van persone en/of regspersone wat nie lede van die Vereniging is nie.

5.9 .Op aanbeveling van die Bestuur kan die lede op ‘n ledevergadering verskillende komitees of kamers skep om die probleme of behoeftes van spesifieke belange groepe of gebied te ondersoek en daaroor verslag te doen aan die Bestuur en ledevergaderings.

**KLOUSULE 6: ALGEMENE JAARVERGADERINGS (AJV)**

6.1 Die AJV sal gehou word, nie later nie as 31 Maart van elke jaar en sal belê word deur die Voorsitter nadat nie minder as sewe (7) dae kennis gegee is aan elke lid wat geregtig is om die vergadering by te woon.

6.2 Die kennisgewing sal die tyd, datum en plek van die AJV aandui asook in breë terme die aard van die sake wat aandag sal geniet.

6.3 Die besigheid van die jaarlikse AJV sal insluit:

(a) die aanbieding en aanvaarding van die jaarlikse verslag van die Voorsitter;
(b) die oorweging en aanvaarding van die jaarlikse finansiële state;
(c) die verkiesing van die Bestuur;
(d) die aanstelling van 'n rekenmeester of persoon om die finansiële state na te gaan;
(e) oorweging van enige skriftelike voorstelle;
(f) enige ander aangeleentheid wat volgens die oordeel van die voorsitter of die teenwoordige lede geag van belang mag wees.

6.4 'n Kworum by 'n AJV sal 10 lede wees of 'n kwart van die aantal lede wat ook al die minste is.

6.5 Sou 'n kworum nie teenwoordig wees by 'n (AJV) vergadering nie, sal sodanige vergadering verdaag word tot 'n datum minstens sewe (7) dae na die vasgestelde datum. Kennis van sodanige uitstel sal gegee word aan alle lede nie minder as vyf (5) dae voor sodanige datum van uitstel. Die aantal lede

teenwoordig by die uitgestelde vergadering sal geag word 'n wettige kworum te wees.

6.6 'n Besluit ten opsigte van 'n voorstel of mosie by 'n vergadering sal bepaal word deur 'n meerderheid van stemme. Elke lid sal een stem hê, terwyl die Voorsitter ook 'n beslissende stem sal hê.

6.7 Stemming sal geskied by wyse van die opsteek van hande terwyl dit by wyse van stembrief sal geskied indien die Voorsitter dit vereis of indien aangevra word deur ten minste een derde (⅓) van die lede teenwoordig.

6.8 'n Lid mag ook deur 'n belastingbetaler verteenwoordig word indien hy of sy sodanige persoon skriftelik daartoe magtig.

6.9 Daar sal behoorlik notule gehou word by elke AJV en 'n register sal gehou word van die lede teenwoordig. Die notule sal deur die Voorsitter onderteken word en sal beskikbaar wees ter insae vir lede nadat drie (3) dae kennis gegee is aan die Sekretaris.

6.10 Nominasies vir lede van die Bestuur genoem in klousules 5.2 en 6.3 (c) (met die nodige sekondante) moet skriftelik wees en by die Voorsitter ingedien word ses (6) dae voor sodanige Algemene Jaarvergadering.

**KLOUSULE 7: ANDER VERGADERINGS**

7.1 Ander lede vergaderings kan te enige tyd deur die Voorsitter belê word en moet deur hom belê word op versoek van ten minste tien (10) lede.

7.2 Indien die Voorsitter binne 'n redelike tyd sou nalaat om 'n vergadering te belê nadat hy aldus daartoe versoek is, sal die persone wat die versoek gerig het, geregtig wees om die vergadering te belê.

7.3 Die bepalings van Klousule 6 van Grondwet is ook van toe passing op enige vergadering gehou kragtens hierdie klousule.

**KLOUSULE 8: BESTUURSVERGADERINGS**

8.1 Die Voorsitter sal ten minste een (1) maal elke vier (4) maande 'n vergadering van die Bestuur belê en moet 'n vergadering ook belê op versoek van minstens 2 lede van die Bestuur.

8.2 Die kworum vir 'n vergadering van die Bestuur sal vyf (5) lede wees.

8.3 Die prosedure by Bestuursvergaderings sal bepaal word deur die Voorsitter, welke vergaderings ook deur middel van telefoonkonferensies kan plaasvind.

8.4 In die afwesigheid van die Voorsitter sal sy pligte oorgeneem word deur die Ondervoorsitter. Indien die Ondervoorsitter ook afwesig sou wees, sal die oorblywende lede 'n Voorsitter kies.

8.5 Besluite sal geneem word deur 'n meerderheid van stemme. Die Voorsitter sal 'n gewone, sowel as 'n beslissende stem hê.

8.6 Die bepalings van Klousule 6.9 sal ook van toepassing wees op Bestuursvergaderings.

8.7 'n Besluit geteken deur die meerderheid van die Bestuur sal net so geldig wees asof dit geneem is op 'n vergadering van die Bestuur.

**KLOUSULE 9: FINANSIES**

9.1 Die Bestuur sal 'n bankrekening open in die naam van die Vereniging by 'n erkende finansiële instelling. Die Bestuur mag na goeddunke meer as een rekening open hetsy 'n lopende rekening, 'n spaarrekening of vaste deposito.

9.2 Die Bestuur moet toesien dat alle bedrae wat namens die Vereniging ontvang word so spoedig moontlik in 'n rekening soos voormeld gedeponeer word.

9.3 Alle tjeks, promesses of ander dokumente wat namens die Vereniging geteken moet word moet deur twee van die volgende beamptes nl Die Voorsitter, Ondervoorsitter, Sekretaris of die Tesourier geteken word.

9.4 Die eerste finansiële tydperk sal strek vanaf die datum van ondertekening van die Grondwet ingevolge klousule 3.1 tot 31 Desember 2012. Daarna sal die Vereniging se finansiële jaar strek tot die 31 ste dag van Desember van elke daaropvolgende jaar.

9.5 Die Bestuur moet toesien dat daar behoorlik boekhouding bygehou word ten einde die sake van die Vereniging weer te gee.

9.6 Die Tesourier moet toesien dat elke jaar finansiële state opgestel word volgens erkende rekenkundige beginsels welke state 'n staat van inkomse en uitgawes sal insluit asook 'n balansstaat.

9.7 Binne drie (3) maande na die sluiting van die Vereniging se finansiële jaar moet finansiële state deur 'n rekenkundige beampte nagegaan en as korrek gesertifiseer word en dat dit in ooreenstemming is met erkende rekenkundige beginsels. Sodanige rekenpligtige beampte word op 'n AJV aangewys en kan 'n lid van die Vereniging wees of 'n ander persoon wees. Indien sodanige beampte nie op die AJV aangewys word nie sal die Bestuur geregtig wees om die aanstelling te maak.

9.8 Die Voorsitter moet 'n jaarverslag opstel vir voorlegging aan die AJV. Die jaarverslag moet 'n uiteensettinng gee van die aktiwiteite van die afgelope jaar asook die vooruitsigte vir die komende jaar.

**KLOUSULE 10: WYSIGING VAN DIE GRONDWET**

10.1 Die Grondwet kan deur 'n besluit van die Vereniging gewysig word op 'n AJV of op 'n vergadering

wat spesiaal vir die doel belê is.

10.2 Kennis van die voorgestelde wysiging moet op skrif wees en geteken wees deur minstens drie lede.

10.3 Kennis van die voorgestelde wysiging moet saam met die kennisgewing van die betrokke vergadering aan die lede van die Vereniging gegee word.

10.4 Die lede wat die voorstel vir wysiging gemaak het, moet teenwoordig wees by die betrokke vergadering. Indien sodanige voorstellers nie aldus teenwoodig is nie sal sodanige voorstelle verval.

10.5 Die Grondwet kan slegs gewysing word indien die voorstel tot wysing daarvan aanvaar word deur 'n twee derde (⅔) meerderheid van die lede teenwoordig op die vergadering.

**KLOUSULE 11: KENNISGEWINGS**

11.1 Kennisgewings wat kragtens die Grondwet aan 'n lid gestuur moet word, sal geskied deur middel van vonkpos, gewone pos, faks, E-pos en/of kennisgewing in 'n plaaslike koerant. Kennisgewings na ‘n faks en/of SMS sal vir die kostes van die lid wees.

11.2 'n Lid mag alternatiewe reëlings tref met die sekretaris vir diening van 'n kennisgewing op sy of haar koste.

**KLOUSULE 12: ONTBINDING**

12.1 Die Vereniging mag ontbind word by wyse van 'n besluit op 'n AJV mits behoorlik kennisgewing van sodange besluit gegee word. Indien so 'n vergadering nie belê kan word nie, kan die Bestuur die Vereniging by wyse van 'n besluit ontbind.

12.2 By ontbinding van die Vereniging sal die bates van die Vereniging nie tussen die lede verdeel word nie, maar sal oorgedra word by wyse van ‘n skenking aan 'n Vereniging met dergelike doelstellings waarop die Bestuur mag besluit.

**KLOUSULE 13: PAARL BELASTINGBETALER**

13.1 Die woord “belastingbetaler” beteken ‘n persoon (natuurlike persoon, regspersoon, trust of vennootskap) wat eiendomsbelasting aan Drakenstein Munisipaliteit betaal.

13.2 Die woord “Paarl” sluit die gebiede bekend as Paarl-Oos en Paarl-Wes in, asook ander gebiede wat skriftelik by die Bestuur aansoek gedoen het om onder die Vereniging se jurisdiksie te val, welke gebied op ‘n ledevergadering goedgekeur moet word.

**BYLAE A**

| NAAM | HANDTEKENING | DATUM |
|---|---|---|
| DR C VAN WYK | | |
| MNR JF PHILLIPS | | |
| MEV A KRUGER | | |
| MNR R BARNARD | | |
| MNR P SWANEPOEL | | |
| MNR A ELS | | |
| MNR R BRAND | | |

**BYLAE B**

***Die magte en bevoegdhede van die Vereniging waarna verwys word in Klousule 5.7 van die Grondwet is as volg:***

1. Om personeel in diens te neem en om gebruik te maak van professionele en/of ander dienste.

2. Om regstappe in te stel of te verdedig en in die algemeen betrokke te wees by gedingvoering, om appél aan te teken teen enige beslissing, om enige geding te skik by wyse van arbitrasie of andersins.

3. Om rekenings te open en te bedryf met geregistreerde banke.

4. Om fondse te belê of te herbelê by finansiële instellings.

5. Om skenkings te aanvaar en te behou in die vorm waarin dit ontvang word of die skenking te gelde te maak met die reg om die opbrengs te gebruik of te belê.

6. Om roerende of onroerende eindom te verkry deur aankoop of andersins en om sodanige eiendom te verkoop, vervreem of te beswaar.

7. Om lenings teen sekuriteit of andersins aan te gaan.

8. Om saam te werk met ander instellings met dergelike doelstellings en/of met sulke instellings te amalgameer, saam te smelt of te affilieer.

9. Om alle Bestuurs- en Uitvoerende pligte uit te oefen wat gewoonweg uitgeoefen word deur die Bestuur van 'n maatskappy.

PBBV
PRPA
Paarl Belastingbetalers Vereniging
Paarl Rate Payers' Association

Paarl Belastingbetalers Vereniging
Paarl Rate Payers' Association